NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 18 – Uitgawe 3 | 30 Januarie 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# 'n Lewensveranderende hoërskoolkamp wag op jou kind!

**Hierdie Valentynsnaweek, 14 tot 16 Februarie 2025, gaan iets besonders gebeur. Tien Hervormde gemeentes in en om Pretoria span kragte saam vir 'n opwindende hoërskoolkamp by die pragtige Adventure Peaks in Zwavelpoort, Pretoria. Maar almal is welkom! Die kamp se tema is "Ankers" en hiermee beloof hierdie kamp om nie net pret en avontuur te bied nie, maar ook ankers van dieper geloof en verhoudings wat lewenslank sal hou.**

**Hoekom is hierdie kamp so spesiaal?**

"Ankers" is meer as net 'n idee – dit is 'n uitnodiging aan tieners om God as hulle anker te ontdek. In 'n wêreld vol onsekerheid en verandering is hierdie naweek 'n kans om opnuut te leer hoe geloof standvastigheid kan bring – selfs tydens die grootste storms. Deur inspirerende gesprekke, praktiese geloofslesse en kreatiewe aktiwiteite help ons die kinders om hul verhouding met God en ander te versterk.

**Adventure Peaks: Die perfekte plek vir avontuur en groei**

Adventure Peaks is nie sommer net 'n kampterrein nie – dit is 'n plek waar avontuur en die natuur hande vat. Omring deur asemrowende natuurskoon, bied hierdie terrein 'n veilige en energieke ruimte vir jongmense om te speel, te leer en geestelik te groei. Van uitdagende buitelugaktiwiteite tot rustige oomblikke rondom die kampvuur onder sterrehemel, is hierdie kampterrein die perfekte omgewing vir tieners om weg te breek van die alledaagse en voluit te leef.

**Wat kan jy verwag?**

Hierdie kamp is propvol aktiwiteite wat nie net pret is nie, maar ook lewensveranderend. Speletjies, spanbou-oefeninge en kampvuurgesprekke vorm deel van 'n propvol program wat jou kind sal help om met nuwe hoop, insig en selfvertroue terug te keer huis toe. Die kombinasie van lag, leer en geloofsgroei maak hierdie naweek onvergeetlik.

**Waarom is hierdie gesamentlike kampe so belangrik vir die NHKA?**

In die hedendaagse wêreld, waar tieners voortdurend blootgestel word aan uitdagings en druk, speel geloofsgemeenskappe soos die NHKA 'n deurslaggewende rol om kinders 'n veilige en ondersteunende ruimte te bied. Gesamentlike kampe soos hierdie hoërskoolkamp skep unieke geleenthede om gemeentegrense te oorbrug en jongmense saam te bring in 'n gemeenskap van geloof, vriendskap en groei.

Hierdie kamp versterk nie net die band tussen tieners van verskillende gemeentes nie, maar gee hulle ook die kans om te sien dat hulle deel is van iets groter – 'n lewende Kerk met 'n roeping om hoop en standvastigheid te bring in 'n wêreld wat soms onseker voel. Die tema spreek direk tot die kern van hierdie roeping deur jongmense te leer om in God hul veilige hawe en fondament te vind.

Vir die NHKA is hierdie soort inisiatief 'n manier om ons jeug aktief te betrek en toe te rus om die kerk van môre te wees. Saam speel, leer en groei, bou nie net selfvertroue en verhoudings nie, maar herbevestig ook die lewensbelangrike rol van geloof in 'n kind se lewe. Hierdie kamp is meer as net 'n geleentheid – dit is 'n belegging in die toekoms van ons Kerk en ons kinders.

**Besonderhede van die kamp**

Meer besonderhede oor die datum, plek en bankbesonderhede kan op bl 5 van hierdie uitgawe gevind word. Reëlings in verband met afbetaling van die koste kan getref word. Die belangrikste is om jou bewys van betaling te stuur na **rue@pretoriaoos.com**.

**Hoe om in te skryf?**

Vul gerus die ***Inskrywingsvorm*** in en bespreek nou jou kind se plek!

**Ds Rue Hopley**
**Pretoria-Oos**

## Lief en leed



Dr Deon du Toit



Borrie Oberholzer

- **Dr DJ (Deon) du Toit** (Pierneef/dosent) is Sondag in die hospitaal opgeneem en het Maandag ’n kraniotomie ondergaan. Ons bid hom ’n spoedige herstel toe.

- **Ds A (André) Oberholzer** (Witbank-Noord) se pa, **Borrie**, is onlangs in die ouderdom van 87 oorlede. Hy was jare lank 'n ouderling in Gemeente Bronkhorstspruit. Die Kerk betuig simpatie met ds Oberholzer en die familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Februarie 2025, en word hartlik geluk gewens:**
  - Woensdag 29 Januarie: Prof J (Jaco) Beyers (54) (Centurion-Oos/dosent), di L (Leon) Geel (jr) (35) (Midstream), en H (Heloïse) Herbst (56) (Rietvallei)
  - Saterdag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (80) (emeritus/Greylingstad), en AM (Andries) Nel (68) (emeritus)
  - Maandag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (65) (siekte-emeritaat)
  - Dinsdag 4 Februarie: Ds C (Chantelle) Maree (34) (Meyerton-Suid)
  - Woensdag 5 Februarie: Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo (40) (Centurion-Oos)
  - Donderdag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) Hill-Jowett (57) (siekte-emeritaat), en ds JA (Johan) Holtzhausen (58) (Vryburg/Donegal)

## Gemeentes en bediening

- **Ringskommissies** word herinner aan die **Inligting- en Besprekingsvergadering** van **20 Februarie** te Gemeente Pretoria-Oos.

## Vergaderings

- Donderdag 30 Januarie: ADV Dagbestuur
- Vrydag 7 Februarie: Moderamen

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **19 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr André Ungerer**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** lewer groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium**. **Vyf ouderlinge** van die NHKA is by dié geleentheid ook die ontvangers van die **Diploma in Bediening** wat deur mnr Gustav Janse van Rensburg en ds Bouwer Serfontein oorhandig sal word. ’n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die oggend wil bywoon, moet by mev Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za** – bevestig.

- **Ou Testamentiese Genootskap (OTG):** Die afdeling Ou Testament van die HTK nooi alle belangstellendes hartlik uit om deel te word van die Ou Testamentiese Genootskap, ’n werksgemeenskap binne die NHKA met die oogmerk om die **bestudering van die Ou Testament te bevorder**. Indien u belangstel om deel te word van hierdie groep, skakel gerus vir dr Marina Kok-Pretorius by 076 288 2843 of per e-pos by **marinakok95@gmail.com**. Die vestiging en organisering van die werkgemeenskap sal by die eerskomende opening van die HTK op Woensdag 19 Februarie by Philadelphia plaasvind.

### Werksgeleentheid by die Ouditafdeling

### JUNIOR OUDITKLERK

**Organisasie:** Ouditafdeling van die NHKA (organisasies sonder winsoogmerk)
**Ligging:** East Lynne, Pretoria
**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 15 Februarie 2025

**Vereistes:**
- Matriek.
- Basiese rekeningkundige kennis en/of ervaring.
- Kennis van SAGE One en/of Pastel sal 'n groot aanbeveling wees.
- Moet rekenaarvaardig wees in ten minste Microsoft Office.
- Ten volle tweetalig.
- Beskik oor geldige rybewys.

**Verder moet die kandidaat oor die volgende vaardighede beskik:**
- Pligsgetrou.
- Vermoë om as lid van span te kan funksioneer.
- Goeie kommunikasie en organisasievaardighede.

**Ons Bied:**
- Onderhandelbare vergoedingstruktuur met normale voordele.

**Hoe om aansoek te doen:**
Stuur jou CV en 'n dekbrief na **annelie@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen 15 Februarie 2025 ingedien word. Kontak mev AW Short by 012 322 8885 vir enige navrae.

Sluit aan by ons span en help ons om 'n verskil te maak!

## Kerklike en ander publikasies


NHKA | Die Hervormer

Maak jou deure oop

- In die **Januarie/Februarie 2025-uitgawe van *Die Hervormer*** herinner **dr Sanrie de Beer** ons om ons deure oop te maak vir ander. Sy verwys spesifiek na ons menswees en ons harte en spreek die wens uit dat ons juis in 2025, die jaar van die Algemene Kerkvergadering, vir mekaar oop sal wees. **Ds Najla Kassab**, predikant in Libanon en president van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke, gee ons 'n insig in die rol van die kerk te midde van oorlog in die Midde-Ooste. Ons kry die unieke geleentheid om die situasie vanuit 'n Libanese oogpunt waar te neem. **Dr Johan van Staden**, redakteur, spreek die hoop uit dat verdraagsaamheid in 2025 sal seëvier. **Prof Tanya van Wyk** huldig prof Andries van Aarde se nagedagtenis en stel ons bekend aan die persoon wat sy as kollega geken het. Lees gerus saam aan deel 2 van **ds Carel Johann de Bruin** se bydrae oor mnr Hendrik Stiemens. Lesers kry ook die geleentheid om die sewe finalejaarstudente van die Hervormde Teologiese Kollege van naderby te leer ken. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.




- Die ***Bybelse Dagboek/Almanak* 2025** is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.




## 'n Gedig

**Namibvrede**

As my dae te veel word
en my rondrol-nagte lank
As die sorge van die lewe
my angsbevange voorkeer
As my hartklop dringend
teen my ribbebene beur
En die wanhoopswolwe
al my lewensvreugde steel

Dan soek ek na die ooptes
van die Namib uitgestrek
Dan wil ek hout van vrede
heelnag lank deur brand
Dan wil ek saggies stil raak
en luister na die sterrekoor
As die donker om my kringtrek
dan praat ons... net U en ek alleen

**Johan Muller**
(Uit: www.maroelamedia.co.za)

## Fondsinsamelings




- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

- **Hervormde Tienerskamp:** Kom kamp die naweek van **14-16 Februarie 2025** by Adventure Peaks in Zwavelpoort, Pretoria. Die koste beloop R850 (deposito R250).


  **Rekeningbesonderhede**
  Rekeningnaam: NHGPO
  Instansie: ABSA
  Rekeningnommer: 540580723
  Verwysing: HSK + naam + van

  Stuur bewys van betaling van deposito na **rue@pretoriaoos.com** om jou plek te bespreek. **Navrae: Ds Rue Hopley** (079 502 1990).

## Toerusting




## Studentesake




- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

# Barmhartigheid

- **Deurkollekte Sondag 9 Februarie 2025: Ondersteun die NHSV-Studieleningsfonds – ’n belegging in ons jongmense**

  Die NHSV is trots daarop om as diensorgaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te help om Suid-Afrika se belangrikste hulpbron, ons jongmense, te ontwikkel.

  Deur ons **Studieleningsfonds** word finansiële ondersteuning gebied aan studente van die Kerk wat tersiêre studies in enige rigting volg. Beurse word toegeken aan merietegevalle en studente met uitstaande prestasies in akademie, kultuur en sport.

  In 2024 het ons, met die hulp van die gemeentes, **36 studente** finansieel ondersteun deur ’n totaal van R468 500 aan studielenings, merietebeurse en prestasiebeurse toe te ken. ’n Bedrag van R153 999.05 is ingesamel tydens die deurkollekte van Februarie 2024 – ons is diep dankbaar aan elke gemeente vir hierdie ondersteuning!

  Gedurende **Sondag 9 Februarie** kry lidmate weer die geleentheid om hierdie belangrike saak te ondersteun deur ’n spesiale deurkollekte. Alle fondse wat ingesamel word, sal ten volle aangewend word om studente in 2025 te ondersteun.

  Bankbesonderhede vir deurkollekte-inbetalings:

  | | |
  |---|---|
  | Bank: | ABSA |
  | Rekeningnaam: | NHSV Hoofbestuur |
  | Rekeningnommer: | 4051454181 |
  | Takkode: | 632005 |
  | Verwysing: | Gemeente se naam + deurkollekte |

  Baie dankie vir u bydrae en ondersteuning – saam bou ons aan ’n blink toekoms vir ons jongmense se toekoms!

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Here,
Ek gee my dag vir U en vra dat U dit seën.
Ek gee dit alles in u hande oor.
Ek vra U om by my te wees deur alles
wat ek vandag moet trotseer.
Gee my vrede te midde van die onverwagte...

Amen.

www.uk.pinterest.com/pin/82050024456468362/



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Prop Iwana Hartmann